INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Datum

NOVO DiOiDu/if

Onderwerp

Knipsel
nr.

Beeldende kuns

Die, verwantskap

DIE tentoonstelling Geloof in kuns by die Goodman is nie net â\200\231n versameling geestelike artefakte nie. Dit verteenwoordig die individuele beskouing, ondervinding en selfs drome wat die kunstenaar as geestelik ervaar. Hierby kan ook mistieke en morele oortuiging gevoeg word wat verband hou metâ\200\231n eie kulturele assosiasie en die inhoud wat aan die assosiasie gegee word.

Dertien Suid-Afrikaanse kunstenaars se interpretasie van geestclike waardes word hier saamgevat. Bekendes soos Andries Botha, Norman Catherine, Keith Dietrich, Robert Hodgins, Jackson Hlung-

wani, Percy Konquobe, Johannes Maswanganyi, Sfiso â\200\230Ka Mkame, Tommy Motswai, Sam_Nhlengetwa, Johannes Segogela, Cecil Skotnes en Elizabeth Vels vertoon werke in twee en drie dimensies, in verskeie media en uiteenlopende style.

Godsdiens en kuns het deur die ceue heen 'â\200\230n nabye verwantskap bevestig. Kuns is dikwels didaktics gebruik as leermeester of om geestelike en morele waardes in te skerp. In die beelde van Maswangani (Moses and the Burning Bush), Hlungwani (CHRIST catching all

Geloof in kuns
Goodman
Lucia Burger

Country) en Segogela (Jesus turns Water into Wine at Cana in Galilee), word verhale uit die Bybel sorgsaam en_verbeeldingryk uitgebeeld.

Maswangani_ gebruik die puntige houtbos, 'n stomp weggooi-hout en pienk en grys emalje om die realiteit van Moses in kontrontasie met die brandende bos voor te stel. Moses staan met ootmoed stil en aanskou die wonder. Die geanimeerde bos bestaan uit â\200\231n_ horisontale houtstomp waaruit â\200\231n gesig kunstig gehaal is in die natuurlike groeipunt.

Segogela se vereenvoudigde en veralgemeende houtbeelde vertoon in eenvoud en sonder enige pretensie die wese van die onderwerp. Adam en Eva en die slang word in hout frontaal verwerk tot 'n groepie wat al die inhibisie van naakte oerouers van die mensdom uitbceld. Bewus van hul naaktheid staan Adam en Eva en toekyk terwyl die slang listig wegseil â\200\224 sy taak afgehandel.

Hlungwani se CHRIST

Catching all Country is
een van die briljantste wer-
ke op die tentoonstelling.
Hoewel nie grootskaals
nie, het die beeld (gesny
uit knonono-hout) â\200\231n mo-
numentele _ teenwoordig-
heid wat al die peiteit om-
hels waarvoor hierdie
kunstenaar reeds bekend
is. Christus staan met han-
de saamgevat, asof in
gebed. Die kleed wat Hy
dra, is â\200\231n universele doek
waarop die skepping uitge-
beeld word in klein grave-
rings.

In teenstelling met die
direkte uitbeelding van bo-
genoemde is die tekeninge
van Dietrich, Botha en De-
borah Bell persoonlike ver-
werkings van universele
waarhede en eerder kuns
om die waarde van die
kunswerk self.

Die werk wissel van Die-
trich se  foto-realistiese
triptiek Ebed-Melech, Vi-
olet Mugeri en Menelik 1,
die emosiebelaaide houts-
kooltekening van Botha Jn
Fear of Angels... en die
Gauguineske figure wat
Bell met pastel gevorm
het, With Wandering

ps and Slow

k vir sy roerende werk,
Letters to God, se bydrae
hier bestaan uit â\200\231n twee-
luik, Recurring Dream
waarin hy, soos Dante, die
mens se reis na die hierna-

maals uitbeeld. Hy ge- â\200\224

bruik vetkryt wat in lae
opgebou word en dan uit-
gekrap word inâ\200\231n sgriffito-
tegniek, om sodoende die
kleuroppervlaktes daaron-
der bloot te 1Ã©.

In teenstelling hiermee
werk Norman Catherine

_met sterk kleur in sy colla-

ge wat opgebou is met
blikkies, draad, metaal en
afvalstukke. In beide sy
werk en diÃ© van Hodgins

word humor â\200\231n uitgangs-
punt. Die teenstellings is
te wyd om in een resensie
uit te beeld... â\200\231n besoek
aan die kunssaal sal lonend
wees!

In die lig van die veran-
deringe en onsekerheid
wat heers in ons land put
kunstenaars steeds bevre-
diging deur die geestelik
verrykende proses van
skep. Hierdie tentoonstel-
ling verteenwoordig â\200\231n
deel van diÃ© kunsskep-
pings.

O Tot Saterdag.

TREFWOORDE